

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 8 Januarie 2017 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 17-1:1, 6 (17:1, 6))

- 1 Wees nie besorgd nie oor jul lewe, / oor wat die harte neerwaarts trek:  
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis? / Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”  
Is lewe en liggaam dan nie meer nie / as alles wat net kommer wek?
- 6 Soek eers die koninkryk der heemle / en Gods geregtigheid; dan laat  
Hy seën druppel uit die hemel – / vir elke dag die dag se maat.  
Want elke dag dra self die sorge / vir elke dag se nuwe kwaad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;  
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.  
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;  
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Gebed

Psalm 33:5, 6 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

**Skriflesing:** Efesiërs 1:1-14; Lukas 11:1-13; Heidelbergse Kategismus, Sondag 9

**Kernvers:** Efesiërs 1:5; Lukas 11:13

**Deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil.**

(Efesiërs 1:5 AFR53)

**As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid? (Lukas 11:13 AFR53)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 26: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?**

*Antwoord: Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en*

voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is (c). Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Efes 1:11. (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Efes 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28. (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.

**Tema:** God gee Homself as Vader aan die gelowige ter wille van Christus

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, aan die hand van Sondag 8 is die gelowige nou twee maal teruggebring na die Woord van die Here om eerstens die patroon van die Twaalf Artikels aan die vraagsteller duidelik te maak. Hierdie drie dele van die Twaalf Artikels het daartoe gelei dat die vraagsteller eers wou weet hoe die gelowige van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees kan praat terwyl daar maar net een God is.

Dit is uiters belangrik om God as die Drie-enige God te ken en in Hom te glo, want 'n gelowige se saligheid is daarvan afhanklik. Luister net weer hoe bely ons dit in die eerste vier artikels van die Geloofsbelijdenis van Atanasius: **Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou. As iemand dit nie heeltemal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel ewig verlore gaan. Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel.** En in artikel 28 van hierdie belijdenis bely ons: **Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.**

Alhoewel die saak van die Drie-eenheid van God uiters belangrik is, het die gelowige die vraagsteller net geleer om God te glo as Hy Homself as die Drie-enige God openbaar. Dit is vir die mens in sy gevalle toestand as sondaar geheel en al onmoontlik om hierdie saak te verklaar of te verduidelik. Daarom kan die gelowige maar net nederig sê dat hy glo God is Vader, Seun en Heilige Gees en Hy is een God omdat God Homself so in die Bybel openbaar.

Die vraagsteller is egter deur die gelowige verduideliking dat God Homself aan die gelowiges belowe so geprikkel dat hy nie verder oor die Drie-eenheid van God wil uitvra nie. Hy wil eerder agterkom hoe alles wat in die evangelie aan die gelowiges beloof word in die Twaalf Artikels in hoofsaak geleer word. Hy wil graag hoor wat die gelowige glo wanneer hy elkeen van hierdie artikels bely. Daarom begin hy met die volgende vraag: **Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde?**

Broers, susters en kinders, voordat ons verder luister na hierdie gesprek tussen die gelowige en die vraagsteller wat nuuskierig is oor die geloof wat soveel rus en troos aan die gelowige verskaf, moet ons eers die volgende opmerking maak. Indien iemand sou verwag het dat die gelowige 'n lang uitgebreide argument gaan gee oor die skepping deur God in ses dae gaan hy teleurgestel wees, want die gelowige voer geen argument oor die skepping teenoor evolusie nie. Daarmee wil daar nie gesê word dat dit onbelangrik is om oor skepping en evolusie te praat en gelowiges daarvoor te onderrig nie. Dit is uiters belangrik, want as 'n mens die skepping deur God alleen misken of anders wil verstaan en leer as wat die Here dit aan ons openbaar, val jy in die een slaggat na die ander.

Daarom is dit belangrik om daarop te let dat die gelowige se antwoord op vraag 26 nie die skepping deur God as hoofsaak het nie. Die skepping en die onderhouding en regering van God oor sy skepping word in twee kort bysinne genoem. Ter wille van duidelikheid volg saam in die antwoord die twee bysinne. Die eerste bysin: **wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het**, en die tweede bysin: **en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer**.

Elkeen wat basiese taalonderrig ontvang het, sal weet dat 'n bysin iets meer sê oor iets wat in die hoofsin genoem is. Hierdie twee bysinne maak duidelik wie die **ewige Vader van ons Here Jesus Christus** is. Hy is die Skepper van die hemel en die aarde en Hy regeer en onderhou self sy skepping.

Vir die ware gelowige is dit nie 'n probleem om te aanvaar dat God alleen die Skepper van die ganse skepping is nie. Dit is ook nie 'n probleem dat God die hele skepping uit niks uit te voorskyn geroep het nie. Die Heilige Gees sê dit nie net een keer nie maar 'n hele paar keer dwarsdeur die hele Bybel dat God alleen die hele skepping uit niks geskep het. Daarom is dit nie vir die gelowige nodig om oor die skeppingswerk van God baie te sê in hierdie antwoord nie – hy glo eenvoudig wat die Here self sê. Die gelowige wil eerder die hoofsaak van die artikel in hierdie stadium van die gesprek aan die ongelowige vraagsteller oordra. En die hoofsaak is die volgende: **Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is**.

Kom ons luister nou na die gelowige se gesprek met hierdie ongelowige vraagsteller. Dat God die Vader is van God die Seun is nie iets wat nou die eerste keer genoem word nie. In hierdie gesprek het die gelowige al aan die einde van Sondag 6 gesê dat die Here Jesus Christus die eniggebore Seun van God is. En toe hy die Twaalf Artikels bely het, het hy weer aan die vraagsteller gesê dat Jesus Christus die eniggebore Seun van God is. Aangesien die Drie-enige God ewig is, beteken dit dat God van ewigheid af die Vader is en die Seun van ewigheid af Seun is. Daarom is dit natuurlik om vanuit wat die Here God van Homself in die Bybel openbaar te praat van God as die ewige Vader van die Here Jesus Christus.

Maar die vraagsteller het gefrons toe hy hoor dat die ewige Vader van die Here Jesus Christus ook die God en Vader is van die gelowige. Hy begryp dat die gelowige in God glo en glo dat God hom deur Jesus Christus verlos het. Daarom is dit logies dat die gelowige die ewige Vader van Christus sy God kan noem. Maar dat die ewige God ook die gelowige se Vader is – dit is hieroor wat daar 'n vraagteken by hom is. Hoe kan die ewige, heilige God die Vader wees van die gelowige, want hierdie gelowige met wie hy in gesprek is, is nie sonder sonde nie. Die gelowige het nou al twee maal gesê dat hy steeds 'n sondige mens is. In Sondag 3 het hy gesê dat hy so sondig is dat hyself niks goeds kan doen en tot alle kwaad geneig is. En in Sondag 5 het hy ook gesê dat hy nog elke dag sy skuld net groter maak.

Die sleutel om te verstaan hoe die ewige, heilige God ook die Vader van 'n gelowige mens kan wees, is in hierdie volgende woorde: **ter wille van sy Seun Christus**. Kyk net hoe staan dit hier in Efesiërs 1 geskryf:

**Deurdadig Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil.** (Efesiërs 1:5 AFR53)

Paulus skryf hierdie brief aan die gelowiges in Efese en in hierdie gedeelte van vers 3 tot 14 is sy oogmerk om die gelowiges aan te spoor om God te loof en te prys met hulle hele lewe. En die eerste rede wat Paulus noem hoekom hulle God kan en moet prys is omdat God dit so beskik het dat Hy hulle as sy kinders vir Homself aangeneem het deur Jesus

Christus. Hierdie woorde in Efesiërs *deur Jesus Christus* is in die Kategismus vertaal met *ter wille van sy Seun Christus*.

Hierdie woorde *ter wille van sy Seun Christus* maak drie dinge aan ons duidelik. Eerstens sê die woorde *ter wille van Christus* dat Hy iets gedoen het sodat God mense as sy kinders kan aanneem. Wat Christus gedoen het staan in vers 7 geskryf. Die gelowiges het die verlossing deur Christus se bloed. Dit wil sê dat die gelowige, met die ware geloof wat die Heilige Gees in hom opgewek het, vertrou dat Jesus Christus se dood aan die kruis ook die betaling is vir sy sondes (Sondag 7:21). Deur die geloof in Jesus Christus en sy volmaakte werk is die gelowige nou nie meer 'n slaaf van die sonde en die duiwel nie maar 'n kind van God.

Tweedens sê die woorde *ter wille van Christus* dat God die gelowige sy kind gemaak het – nie oor iets waarvoor die mens sou beskik of gedoen het nie. Dit is nie omdat die gelowige so 'n goeie mens is nie, nie omdat die gelowige sulke voortreflike eienskappe het nie of omdat die gelowige so hard vir die koninkryk van God werk dat God hom as kind aangeneem het nie. Die gelowige het, soos alle ander mense, sy reg om kind van God te wees deur die sondeval van sy eerste ouers verbeur. Daarby – en hy het dit self ook vir die vraagsteller gesê – is hy so sondig dat hy niks goeds kan doen nie maar tot alle kwaad geneig is sodat hy elke dag sy skuld net groter maak.

God is egter van ewigheid Vader. En Hy wil nie net Vader van sy ewige Seun wees nie. Hy wil Homself verheerlik deur ook sondige mense sy kinders te maak. Daarom het Hy sy Seun nie gespaar nie maar Hom vir almal oorgelewer aan die bittere en smadelike dood van die kruis. Deur die volmaakte betaling vir mense se sondes het Christus alleen die deur oop-gemaak sodat mense deur Hom – op grond van sy volmaakte werk – weer toegang tot die Vader se huis kry.

Derdens gee die woorde *ter wille van Christus* ook sekerheid aan die gelowige. Aangesien God die Vader deur sy Seun Christus die sondaar sy gelowige kind gemaak het, is hierdie kindskap verseker. Niks sal die volmaakte werk van Christus ongedaan kan maak nie, daar-om is die gelowige ook verseker dat niks hom ooit van God se Vaderliefde sal kan skei nie. Christus, en die Heilige Gees wat aan die gelowige gegee is, is die waarborg dat hy nou vir ewig kind van God sal wees, en die ewige Vader van Christus is ook nou sy ewige Vader.

Ter wille van sy Seun Christus wat Homself oorgegee het om aan die kruis te sterf het die gelowige 'n kind van God geword. Deur Christus alleen kan die mens 'n kind van God word. Deur hierdie volmaakte werk van Christus is die kindskap van die gelowige gewaarborg. Maar watter uitwerking het die Vaderskap van God in jou lewe van elke dag, gelowige?

Op hierdie vraag antwoord die gelowige soos volg: ***Op Hom vertrou ek so dat ek nie daar-aan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie.*** In sy onderrig oor die gebed aan die dissipels het Jesus duidelik gemaak dat die gelowige alles vir liggaam en siel van God mag vra in gebed. Trouens, Jesus leer die gelowige om God in die gebed aan te spreek as *Ons Vader wat in die hemel is*.

Aangesien die gelowige God as die almagtige en alwetende Vader in die hemel het, weet hy dat nie hoef te twyfel aan God se sorg vir hom nie. Ter wille van Christus sal Hy sy kind nie in die steek laat nie. Daarom kan en moet die gelowige aanhoudend smee dat God hom sy sonde ter wille van Christus vergewe. Daarom kan Hy bid dat God sy Heilige Gees kragtig in hom laat werk sodat hy hoe langer hoe meer 'n gehoorsame kind van God kan wees.

God weet immers dat die gelowige sondevergifnis nodig het sodat hy in 'n hegte verhouding met God kan lewe en uiteindelik ook die heilige Vaderhuis kan betree. Daarom is dit nood-saaklik dat die gelowige aanhoudend smeek om die leiding van die Heilige Gees om hom te help sodat hy sy sonde kan afsterf. Daarby gee Jesus ook nog die versekering dat sy Vader die Heilige Gees gee aan elkeen wat Hom vra.

Maar vir God is dit nie genoeg dat sy kinders die Heilige Gees en vergifnis van sonde ontvang nie. Hy wil hulle nog hier op die aarde laat lewe sodat hulle Hom kan verheerlik en getuies kan wees van Jesus Christus. Daarom wil God as Vader ook alles vir sy kinders gee wat hulle vir hulle liggame nodig het om te kan lewe en werk in diens van die Here. In sy onderrig verseker Jesus die dissipels dat sy Vader selfs nog beter is as 'n aardse pa. Selfs 'n aardse pa wat ook van nature sleg is, sal nie doelbewus aan sy kind iets gee wat hy nie kan eet as hy honger is nie. Hy sal ook nie iets aan sy kind gee wat gevaarlik is nie. As 'n sondaarmens so met sy eie kind sal maak, hoeveel te meer sal die Vader in die hemel dan nie alles gee wat sy kind nodig het om te kan lewe nie. Hy sal alles gee wat hy nodig het.

Toe die gelowige dit aan die vraagsteller gesê het, het hy besef hoe groot verantwoordelikheid hy het om dan sy vertrouwe so in die Vader te stel dat hy geensins daaraan sal twyfel dat God hom alles sal gee wat hy nodig het nie. Broers, susters en kinders, is dit nie juis hier waar ons mense dikwels sukkel en struikel nie? Ons kan maklik sê dat God die alwetende Vader is en Hy ter wille van Christus alles aan sy kinders sal gee wat hulle nodig het. Maar so dikwels gebeur dit dat ook gelowiges angstig raak oor goed soos kos en klere. Of hulle maak die domste besluite om middele in die hande te kry sodat hulle kos en klere kan bekostig. Mag die Heilige Gees elke ware kind van God ook leer om waarlik te vertrou sonder om te twyfel oor goed soos kos en klere.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.  
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.  
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.  
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 Januarie 2017